

Nuusbrief

Laerskool Gamtoosvallei

31 Julie 2017



9/2017

RUGBY-BAL-VAL BOEKIES

Ons herinner u daaraan dat die boekies en gelde teen 7 Augustus 2017 terug moet wees by die skool. Leerders wat nie die kaartjies kan verkoop nie, moet ook die boekies terugbring skool toe.

Indien 'n boekie verlore raak is u verantwoordelik om R250 aan die skool oor te betaal.

OLIMPIADES

Baie dankie vir die groot hoeveelheid leerders wat ingeskryf het hiervoor.

Conquesta (gr. 1 – 7): 14 – 16 Augustus

KONSERT

Baie dankie aan die ouers wat ons help met die konsertklere. Ons wil almal graag aanpas net na ons Wintersportdag.

TENNIS

Beginners – Dinsdae : 15:30 - 16:30

Span – Dinsdae : 16:30 - 17:30

REDENAARS

Die volgende leerlinge het deurgedring tot die finale redenaarskompetisie en word genooi om op **13 September** hulle staal te wys. Beide die Engelse en Afrikaanse kompetisie vind op dieselfde dag plaas.

Afrikaans-redenaars

Juniors:

Isabella Muller, Jeanri Nel, Bea Verwey, Kirsten Viljoen, Gerco Scheepers

Onderwerpe: Vuur, Water, Wind

Seniors:

Anika Ferreira, Jenna Muller, Amy Bell, Juané Oosthuizen, Ané Wait en Dené-Grete van Jaarsveld

Onderwerpe: Verlede, Hede, Toekoms

Engels-redenaars

Juniors:

Simone van Jaarsveld

Topics: Fire, Water or Wind

Seniors:

Dené-Grete van Jaarsveld en Anika Ferreira

Topics: Past, Present, Future

GAMTOOS CITRUS EXPO

25 & 26 AUGUST

 **Laerskool
Gamtoosvallei**



Citrus Expo: Showcase of the latest Agricultural Products, Services & Technology!

Family Entertainment
ATKV Klein Kokkedoortjie
Mini Cricket
Delicious Food Stalls
Arts & Crafts
Excellent variety of exhibitors
Tea Garden
Fresh Fruit & Veg
Rugby: Future Kings, Marlow & Patensie Club

Fri: Spitbraai & Gin Bar
Sat: Klikkerland [Kids]
Sat: Corporate Breakfast with Myan Subrayan






CITRUS EXPO 2017 INFO
Venue: Laerskool Gamtoosvallei
Patensie, Eastern Cape

WWW.GAMTOOS.CO.ZA
Enquiries: 083 556 3206
sitrusexpo@gamtoos.co.za



GATES: 12:00 25 AUG ADULTS: R20 CHILDREN: R10
08:00 26 AUG ADULTS: R40 CHILDREN: R10





GAMTOOS SITRUS EKSPLO



Spitbraai & Gin Bar

DATUM: Vrydag, 25 Augustus 2017

PLEK: Laerskool Gamtoosvallei se Kiosk, Patensie

TYD: 18:00 vir 19:00 (7uur)

KOSTE: R100.00 p/p



**KAARTJIES IS BY DIE
ADMINISTRATIEWE
KANTOOR
BESIKBAAR**



GAMTOOS SITRUS EKSPLO

25 & 26 AUGUSTUS, PATENSIE
www.gamtoos.co.za



ATKV KLEIN KOKKEDOORTJIE 2017

ATKV Gamtoosvallei nooi alle kokke om hul vernuf te kom wys in die ATKV Klein Kokkerdoortjiekombuis. Kom kyk wat in jou **VERRASSINGSBOKS** is, en wys hoe jou kreatiwiteit die beoordelaars se monde laat water!



Koste: R50 (bring net jou voorskoot saam)
Datum: Vrydag, 25 Augustus
Tyd: 15:00
Te: Skoolsaal, Laerskool Gamtoosvallei

Inskrywings kan per epos gestuur word, of by die skool se admin kantoor ingegee word.

Meer inligting: sitrusekspo@gamtoos.co.za | 083 556 3206

INSKRYWING – ATKV KLEIN KOKKEDOORTJIE 2017

NAAM & VAN: _____

SKOOL: _____

OUER NAAM: _____

KONTAK NR. _____

GROEP: GR. 4-7 GR. 1-3 GR. 0-R

(Omkring een)

Myan Subrayan

**GASSPREKER BY
EKSPLO ONTBYT
Min kaartjies
oor!!! Kry joune
vandag nog!
Kontak Jeanita by
082 478 0193**



In sy eerste boek wat in Afrikaans geskryf is, deel Myan Subrayan met humor, 'n boodskap van hoop vir Suid-Afrika, asook sy inspirerende getuienis van hoe hy as 'n Hindu hom tot die Christenskap bekeer het. DIT IS NIE 'N VERTALING NIE! Myan gebruik sy persoonlike lewensreis om Suid-Afrikaners te motiveer om verby die pessimisme en wanhoop, waarvan hulle elke dag in hierdie pragtige land van ons hoor, te kyk.

Indiër-sendeling bekeer Afrikaners

2012-11-30 21:42

Myan Subrayan beskou homself as die Indiër wat deur God as sendeling na Afrikaners gestuur is om vir hulle 'n boodskap van hoop te bring. Dit is in elk geval wat hy probeer doen met sy boek *'n Boer maak 'n plan... maar jy het 'n Indiër nodig om dit te verkoop!*

Hy is trots daarop dat hy dit self in Afrikaans geskryf het. Subrayan se lewe het interessante kinkels gemaak. Hy is in Durban gebore en het as Hindoe grootgeword, maar op 19 tot bekering gekom en 'n Christen geword. Hy het 'n suksesvolle sakeman geword en in 2000 Nieu-Seeland toe getrek, maar hy vertel dat hy daar van voor af moes begin omdat die geld vir die verkoop van sy sakeonderneming nooit aan hom betaal is nie. Hy het begin deur hamburger-frikadelle te braai, maar uiteindelik 'n suksesvolle motiveringspreker geword. In die proses het hy 'n klomp All Black-rugbyspelers leer ken en van rugby, wat hy vroeër as die spel van die verdrukker beskou het, begin hou.

Hy het later ook van die Springbokke leer ken en Pierre Spies se biograaf geword. Die Bok-losskakel Jannie de Beer het die voorwoord vir sy boek geskryf. Einde 2011 het hy en sy gesin Suid-Afrika vir 'n vakansie besoek en besluit om te bly nadat hy gevoel het God roep hom terug Suid-Afrika toe.

Die titel van sy boek kom van 'n grappie wat hy al 'n jaar lank met Afrikaanse gehore maak om hulle aan sy kant te kry.

Die produk wat hy verkoop, is 'n boodskap van hoop, sê Subrayan.

In sy Indiër-Afrikaans sê hy graag: "Die gras is nie groener anderkant die draad nie."

Hy glo Afrikaners is deur God na Suid-Afrika gebring om die lig hier te versprei.